## Die wet van 'jy moet' en 'jy sal' *(Die wet van **'moet' as oorsaaklike gevolg, en die wet van 'jy sal', die** moet op etiese gronde.)

**34** Ek sê: "Beste vriend! Jou opvattinge beval My baie goed en die heilige Vader in die hemel beleef altyd `n ware vreugde as Sy kinders in wysheid met Hom oorleg pleeg. Daar is egter bepaalde sake wat nou eenmaal moet wees soos wat hulle is, en om `n bepaalde doel te bereik moet iets gebeur soos wat dit gebeur, omdat daardie doel andersins onmoontlik bereik sou kon word.

[2] Daarom het Elohim `n tweevoudige wet gegee. Die een is suiwer meganies en heet 'Jy moet!'. Volgens hierdie wet ontstaan alle vorme en hulle strukture waaruit vervolgens die deugdelikheid van die vorm blyk. Aan hierdie meganiese wet kan ewiglik niks verander word nie. Die ander wet heet egter 'Jy sal!' En slegs daarop het die lewensleer betrekking!

[3] Volgens die wet van die lewe kan jy alle deeltjies van `n geheel verdelg, verwoes of selfs vernietig sonder dat dit veel saak sal maak. Wat vry moet word, moet ook reeds in sy eerste ontwikkeling vry wees! Ook al misvorm dit hom in sy vrye innerlike bestaan geheel en al, dan kan dit tog 'die wet van die moet' waaronder dit val, nie ophef nie. Want binne die vorm bly die kiem steeds bewaar, wat weer opnuut in die korrekte orde uitbot, dit wat in die vrye lewensfeer bederf het, weer vaspak en in die korrekte orde terugbring.

[4] So sien jy volkere op aarde wat, wat hulle siel aanbetref, heeltemal verdorwe is, maar uiterlik onveranderlik gebly het, en as jy na hulle kyk moet jy toegee dat dit mense is. Hulle siele is egter vervorm deur allerlei leuens, valsheid en verdorwenhede. Op die regte tydstip laat Ek bietjie meer warmte tot die lewenskiem deurdring en dit begin te groei, verteer die ou wanorde van die siel soos die graswortel met die reeds vervuilde waterdruppel, en dan ontstaan `n heeltemal gesonde, lewenskragtige en in alle dele suiwere grashalm met blom en saad hieruit.

[5] Om dié rede moet julle nooit `n te harde oordeel oor `n verdorwe volk fel nie! Want solank die vorm bly, bly ook die rein kiem in die mens en as dit bly, kan `n duiwel ook nog `n engel word!

[6] Gewoonlik is verkeerde leraars, of heers- en hebsug van `n klein groepie wat meer mag het, of `n tydelike inbesitneming deur bose geeste wat die liggaam en die senugeeste van die mense besluip, meestal die oorsaak van die verderf van die mense en hulle siele. Maar dat die binneste lewenskiem moontlikerwys totaal verdorwe sou kon word, daarvan kan geen sprake wees nie.

[7] Kyk na Mathael en sy vier metgeselle; hoe was hulle nie deur die bose geeste toegetakel nie! Ek het die vyf daarvan verlos en het die lewenskiem in hulle opgewek, en kyk tog watter volmaakte mense hulle nou is!

[8] Natuurlik is daar verskille onder die mense! Sommige siele is van bo afkomstig. Hulle is sterker en die bose geeste van hierdie aarde kan hulle minder of ook glad nie skade aandoen nie. Dié siele kan dan ook `n swaarder beproewing tydens die lewe in die vlees verduur sonder om enige skade van betekenis te ly. Word die gees by hulle, dit is die verborge kiem van die oerlewe, gewek, en deurdring dit dan met sy ewige lewenswortels die siel deur en deur, dan word die slegs geringe verdorwene deel van so `n siel dadelik genees en die hele mens word dan volmaak - soos wat jy dit by Mathael, Philopold en nog etlike ander kan sien.

[9] Sommige mensesiele was selfs voormalige, hemelse engele gewees. Wel, by hulle kan iets nie so maklik bederf word nie! Johannes die doper en verskeie profete soos Moses, EliJaH, JeshaJaH en nog `n aantal ander kan vir jou as voorbeeld dien, en daar is tans nog `n aantal op aarde wat uit die hemele gekom het om hier saam met My die smal pad van die vlees te volg. Sulke mense is in staat om `n behoorlike swaar beproewing in die vlees te deurstaan en verdra dit ook altyd met die grootste opoffering."

## Verskille tussen die siele op aarde

**35** (**Die Meester**:) "Bowendien bestaan daar tussen die siele wat van bo af kom ook nog verskille deurdat sommige van hulle uit die volmaakte sonnewêrelde kom. Hulle is sterker as diegene wat van die klein planete, wat soos hierdie aarde lyk, hierheen kom om op hierdie aarde kindskap van Elohim te bereik.

[2] Hoe onvolmaakter `n planeet is, des te swakker is sy emigrante ook. Hulle het weliswaar `n minder swaar lewensproef om af te lê, maar kan tog aan hulle siel meer skade ly. Hulle het ewenwel `n sterk oerlewenskern in hulle, en as dit op die korrekte wyse gewek word, is die siele daarna tog ook weer vinnig heeltemal lewenskragtig.

[3] Ten slotte, en dit kom die meeste voor, is daar siele wat vanaf hulle oerbegin uit hierdie aarde stam. Hulle is oorspronklik geroep tot kindskap van Elohim. Hulle is die swakstes en loop die grootste risiko om heeltemal ten gronde gerig te word. Dit sal egter nie so maklik gebeur nie, omdat daar tussen hulle altyd uit elke honderd wel één of twee sterkeres van bo hulleself bevind, waardeur die swak siele beskerm en daarvan bewaar word om totaal onder te gaan. Ook al is daar baie afgedwaalde skape daarby, dan word hulle ter gelegener tyd tog weer teruggevind.

[4] Maar elke siel - hoe swak, onmagtig, geskonde en

bedorwe ookal - het die oerlewenskern in haar wat nooit verlore kan gaan nie. As die siel binne die regte tydsduur sover gebring is dat haar innerlike oerlewenskern in haar gewek kan word, dan is sy vanaf daardie oomblik ook salig en in alle dinge sterk in die Liefde en in die Wysheid. Dan is sy net so goed `n kind van die Allerhoogste, as `n mensgeworde engelgees, of `n siel uit `n sentrale son, of uit `n geringere planetêre son, of uit die één of ander, buiteaardse, elders geleë, donkere en op sigself liglose aardbol, waarvan daar in die wye skepping meer is as die sand aan die see en al die gras op die aarde.

[5] Die van julle wat byvoorbeeld alreeds `n meer volmaakte mens is, kan `n sondaar en `n egte dierlike mens, hoe dom en bygelowig hy ookal is, die hande oplê, of hom saggies van die neuswortel oor die slaap na benede stryk tot in die maagholte, dan word die mens daardeur in `n magnetiese slaap gebring. In hierdie slaap word sy siel, ook al is sy hóé verward, bevry van liggaamlike kwelgeeste en die oerlewenskiem oefen dan dadelik gedurende `n kort tydjie haar invloed binne-in die siel uit.

[6] As jy dan vrae stel aan die een wat op dié wyse aan die slaap gemaak is, sal jy antwoorde kry waaroor jou wysheid haarself buitengewoon sal verbaas!

[7] As so `n mens na `n kort tydjie op eie versoek, wat mens moet opvolg, weer in die aardse lewe teruggebring word, het die oerlewenskiem weer in sy ou rus teruggekeer en die siel val dan weer terug in haar ou bande met die liggaam en herinner haar niks van wat daar met haar tydens die magnetiese slaap van haar liggaam gebeur het nie. Sy weet geen jota van alle wyshede wat sy met haar liggaamlike mond uitgespreek het nie en is dan self weer net so onverstandig en bygelowig soos wat sy voorheen was.

[8] Laat dit `n bewys vir julle wees dat geen enkele siel eintlik so ten gronde kan gaan dat sy nooit genees kan word nie.

[9] Weliswaar sal daar vir menige siele `n geruime tyd hier, en nog `n langer tyd in die hiernamaals nodig wees voordat sy die selfstandige, gesonde stewigheid sal bereik wat nodig is om die lewenskiem geheel en al in haar op te wek en haar daardeur in alle dele te laat deurdring. Maar om hierdie lewensproses as onmoontlik of ondenkbaar te beskou by `n siel wat grondig bedorwe blyk te wees, sou `n ewe groot sonde teen Elohim se Liefde en Wysheid wees, as om te meen dat `n siel wat as verdoem beskou word, op sigself `n produk van die hel sou wees, en haar met veroordelende, wêreldse oë aankyk as `n reusagtige, ondeurdringbare enklawe van sondes."